basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie AFDELING. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

**VRAAG 1: HOE HET DIE MASS DEMOCRATIC MOVEMENT (MDM) IN DIE LAAT 1980's DIE SEGREGASIEWETTE VAN SUID-AFRIKA SE APARTHEIDSREGERING UITGEDAAG?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Watter organisasie, volgens die bron, is in 1988 as 'n anti-apartheidsopvolger vir die United Democratic Front (UDF) gestig? (1 x 1) (1)

1.1.2 Wat, volgens die UDF, is daar van die Mass Democratic Movement (MDM) verwag om te bereik in die stryd teen apartheid? Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

1.1.3 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling: ' 'n voorwaarde vir affiliasie met die MDM was die nakoming van die voorwaardes van die ANC se Vryheidsmanifes', in die konteks van die stryd teen apartheid. (2 x 2) (4)

1.1.4 Verduidelik die term *burgerlike ongehoorsaamheid* in die konteks van aktiwiteite wat in September 1989 deur die MDM georganiseer is. (1 x 2) (2)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Verduidelik die boodskappe wat deur die foto oor die MDM se 'Oop Hospitale('Open Hospital')'-veldtog teen segregasie oorgedra word. (2 x 2) (4)

1.2.2 Lewer kommentaar op die rassesamestelling van die betogers wat aan hierdie veldtog deelgeneem het (1 x 2) (2)

1.3 Verwys na Bron 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1B ondersteun met betrekking tot die uittartingsveldtogte wat die MDM in 1989 teen segregasiewette georganiseer het. (2 x 2) (4)

1.4 Lees Bron 1C.

1.4.1 Waarom, volgens die bron, het Tutu en Boesak op 13 September 1989 'n vredesoptog na die parlement gelei? (1 x 1) (1)

1.4.2 Verduidelik wat Tutu bedoel het met sy uitdrukking: 'Vyftien is 'n slagting … Selfs al werk ons net met húlle getalle, is dit 'n skandaal (skande)' in die konteks van polisiereaksie op betogers. (2 x 2) (4)

1.4.3 Haal DRIE redes uit die bron aan waarom De Klerk toegelaat het dat die vredesoptog voortgaan. (3 x 1) (3)

1.4.4 Waarom, dink jy, het die polisie op 13 September 1989, tydens die vredesoptog na die Kaapstad Stadsaal, 'n lae profiel gehandhaaf? (1 x 2) (2)

1.4.5 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n navorser wat die gebeure wat op 13 September 1989 tydens die vredesoptog na die Kaapstad Stadsaal plaasgevind het, bestudeer. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Volgens die bron, noem DRIE maniere waarop die polisie teen die MDM-leiers en betogers wat hulle inperkingsbevele oortree (verbreek) het, opgetree het. (3 x 1) (3)

1.5.2 Definieer die term *uittartingsveldtog* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.5.3 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop sinspeel dat die Amerikaanse administrasie teen die streng beperking van Tutu en sy vrou deur die apartheidsregering was. (2 x 1) (2)

1.5.4 Waarom, dink jy, het Luitenant Gregory Rockman beweer dat sy kollegas soos 'wilde honde met 'n moordinstink' opgetree het? (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die MDM in die 1980's die segregasiewette van Suid-Afrika se apartheidsregering uitgedaag het. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAT KAN SUID-AFRIKANERS LEER UIT DIE ROL WAT AARTSBISKOP DESMOND TUTU, VOORSITTER VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) VANAF 1995 TOT 1998, GESPEEL HET?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Watter Wet, volgens die bron, het die Waarheids-en-Versoeningskommissie in die lewe geroep? (1 x 1) (1)

2.1.2 Wat, volgens Tutu, moet die kern van die saak vir Suid-Afrikaners wees in 'ons Kommissie se werk' (WVK)? (1 x 2) (2)

2.1.3 Verduidelik wat Tutu met die stelling: '… maak nie saak aan watter kant ons gestaan het nie. Ons almal het genesing nodig', in die konteks van versoening en nasionale eenheid bedoel het. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Identifiseer enige VIER politieke partye in die spotprent wat Tutu aangeval het toe hy op 29 Oktober 1998 die Waarheids-en-Versoeningskommissie se verslag by President Nelson Mandela aflewer het. (4 x 1) (4)

2.2.2 Verduidelik die boodskappe wat in hierdie spotprent oor die finale WVK-verslag wat op 29 Oktober 1998 aan President Nelson Mandela voorgelê is, oorgedra word. (2 x 2) (4)

2.2.3 Lewer kommentaar op die beperkings van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die voorlegging van die finale verslag van die Waarheids-en-Versoeningskommissie navors. (2 x 2) (4)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Definieer die konsep *oortreder* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.3.2 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat aandui dat die NVG op die aanbevelings van die finale WVK-verslag gereageer het. (2 x 1) (2)

2.3.3 Verduidelik wat Kommissaris Ntsebeza met 'openbare verklarings van feite … die eerste stap na nasionale eenheid' rakende die WVK-verhore bedoel het. (1 x 2) (2)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Haal enige DRIE stellings aan wat Sisonke Msimang gemaak het, waarin hulde aan Aartsbiskop Tutu na sy heengaan op 26 Desember 2021 gebring is. (3 x 1) (3)

2.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op die stelling: 'die WVK (het) nooit 'n volle mandaat gekry om die groepsgevolge van apartheid te analiseer (ontleed) nie.' (2 x 2) (4)

2.4.3 Verduidelik die term *regstelling* in die konteks van wat die regering met die WVK wou bereik. (1 x 2) (2)

2.4.4 Wat het Msimang met 'sy (Tutu s'n) dood herinner ons aan die onafgehandelde sake met betrekking tot die oorgang van apartheid na demokrasie' geïmpliseer? (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D met betrekking tot die werk van die WVK ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik wat Suid-Afrikaners kan leer uit die rol wat Aartsbiskop Desmond Tutu, voorsitter van die Waarheids-en-versoeningskommissie (WVK) vanaf 1995 tot 1998 gespeel het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE TOEGEWYD WAS ONTWIKKELENDE LANDE VAN BRICS AAN GLOBALE KLIMAATSVERANDERINGKWESSIES TUSSEN 2000 EN 2021?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Identifiseer TWEE rolle wat Suid-Afrika as 'n ondertekenaar van die Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatsverandering ('United Nations Framework Convention on Climate Change') moet speel. (2 x 1) (2)

3.1.2 Definieer die konsep *klimaatsverandering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.3 Gee TWEE verantwoordelikhede van die Kyoto Protokol wat in die bron genoem word. (2 x 1) (2)

3.1.4 Noem TWEE aktiwiteite in die bron wat aan die Interministeriële Komitee oor Klimaatsverandering gedelegeer is met die oog op gasheer speel vir die UNFCCC in Mei 2008. (2 x 1) (2)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Watter hoeveelheid $CO_2$-uitlatings word volgens die bron deur die volgende geproduseer:

(a) Rykste 10 persent van die wêreldbevolking (1 x 1) (1)

(b) Armste 50 persent van die wêreldbevolking (1 x 1) (1)

3.2.2 Waarom, dink jy, het ryk lande nie daarin geslaag om hulle belofte om hulle kweekhuisgasuitlatings te verminder, nagekom nie? (2 x 2) (4)

3.2.3 Lewer kommentaar op wat Greta Thunberg met die stelling, 'daar is hoop. Ek het dit gesien, maar dit kom nie van die regerings of korporasies af nie. Dit kom van die mense af', bedoel het in die konteks van die hantering van uitdagings wat deur klimaatsverandering gestel is. (1 x 2) (2)

3.2.4 Verduidelik die betroubaarheid van die bron vir 'n geskiedkundige wat die klimaatsveranderingkwessies tussen 2000 en 2021 navors. (2 x 2) (4)

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Gee TWEE bekommernisse wat die Indiese Eerste Minister, Shri Narendra Modi, met die Parys Klimaatsberaad gedeel het. (2 x 1) (2)

3.3.2 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling, 'daarom was die byeenkoms in Parys vir my nie 'n beraad nie, dit was 'n sentiment en 'n verbintenis (eed)', in die konteks van Indië se betrokkenheid by die Parys Klimaatsberaad. (2 x 2) (4)

3.3.3 Verduidelik die konsep *ontwikkelende lande* met verwysing na Brasilië, Indië en Suid-Afrika. (1 x 2) (2)

3.3.4 Waarom, volgens die bron, het die hele wêreld geglo dat Indië die enigste groot ekonomie is wat in letter en gees aan die Parys-verbintenis gehoor gegee het? Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

3.4 Bestudeer Bron 3D.

3.4.1 Verduidelik waarom jy dink hierdie foto wat op 12 November 2021 in *The Times*-koerant verskyn het, geneem is. (2 x 2) (4)

3.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom Brasiliane oor die Amasone- en Caatinga-woude bekommerd was. (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik Bron 3B en Bron 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3D ondersteun met betrekking tot implementering van die klimaatsveranderingooreenkomste. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die toegewydheid van ontwikkelende lande van BRICS aan globale klimaatsveranderingkwessies tussen 2000 en 2021 te verduidelik. (8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

Die filosofie van Swart Bewussyn was suksesvol met die vestiging van trots en selfvertroue by swart mense om apartheid in die 1970's in Suid-Afrika uit te daag.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Verduidelik tot watter mate kompromieë deur verskillende rolspelers (politieke partye) 'n hoofkenmerk gebly het wat in 1994 die weg vir 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika gebaan het.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Die beleidsveranderinge deur Mikhail Gorbachev vanaf 1985 het in 1991 tot die disintegrasie van die Sowjetunie gelei, alhoewel dit ook positiewe gevolge vir Suid-Afrikaanse politiek gehad het.

Bespreek hierdie stelling krities. Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**GESKIEDENIS V2**

**NOVEMBER 2022**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 1: HOE HET DIE MASS DEMOCRATIC MOVEMENT (MDM) IN DIE LAAT 1980's DIE SEGREGASIEWETTE VAN SUID-AFRIKA SE APARTHEIDSREGERING UITGEDAAG?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder is 'n uittreksel wat kortliks die stigting van die Mass Democratic Movement (MDM) in 1989 in Suid-Afrika bespreek en hoe dit die apartheidsregering se rassewetgewing uitgedaag het.

Die Mass Democratic Movement (MDM) was die naam van 'n informele koalisie (alliansie) van anti-apartheidsgroepe gedurende die 1970's en die vroeë 1980's. As 'n formele organisasie is die MDM as 'n anti-apartheidsopvolger vir die United Democratic Front (UDF) gestig nadat die 1988-noodtoestandbeperkings die UDF en verskeie ander opposisiepartye prakties verban het. Die UDF het die term 'Mass Democratic Movement (MDM)' in gebruik geneem en gesê dat die MDM basiese strukture moes versterk en al daardie organisasies aan die rand (van buite) moes inbring (insluit) sodat hulle by die stryd betrokke kon raak. Baie groepe wat voorheen uitgesluit is, onder andere wit groepe en groepe in die tuislande, is in September 1988 na 'n Anti-apartheidskonferensie genooi wat deur COSATU georganiseer is. Die regering het dit nie goedgekeur nie, en die konferensie verban.

Selfs ná 1988 was die MDM 'n tydelike los koalisie van anti-apartheidsaktiviste met geen permanente konstitusie nie, geen amptelike ledelyste nie, geen nasionale of streeksbeheerliggaam nie en geen ampsdraers nie. Net soos die UDF het die MDM baie van hulle ondersteuning van die swart gemeenskap gekry; 'n voorwaarde vir affiliasie met die MDM was die nakoming van die voorwaardes van die ANC se Vryheidsmanifes.

Die MDM het in 1989 op die voorgrond getree (belangrik geword) toe dit 'n veldtog van burgerlike ongehoorsaamheid georganiseer het met die oog op (hoop) die nasionale verkiesing wat geskeduleer is om in September daardie jaar plaas te vind. Met minagting (uittarting) van die noodtoestandregulasies wat op daardie tydstip gegeld het, het etlike honderde swart betogers hospitale en strande vir 'slegs blankes' betree. Mense van alle rasse het in daardie maand in verskeie stede vreedsaam teen polisiewreedheid en onderdrukkende (wrede) wetgewing betoog.

[Uit https://photius.com/countries/south_africa/government/south_africa_government_mass_democratic_move~2494.html. Toegang op 30 April 2022 verkry.]

**BRON 1B**

Die foto (fotograaf onbekend) hieronder is op 2 Augustus 1989 by die Addington Hospitaal ('slegs vir blankes') in Durban geneem. Dit beklemtoon verset teen segregasie as deel van die Mass Democratic Movement (MDM) se Oop Hospitale ('Open Hospital')-veldtog.




[Uit http://146.141.12.32/protest-about-segregation-in-hospitals-at-addington-hospital-in-durban. Toegang op 31 Maart 2022 verkry.]

**DESEGREGEER HOSPITALE**

**NUSAS ONDERSTEUN OOP HOSPITALE**

**BRON 1C**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek wat deur 'n geskiedkundige, A Jeffery, geskryf is. Dit verduidelik die gebeure op 13 September 1989 tydens die vredesoptog na die Kaapstad Stadsaal wat deur die Mass Democratic Movement (MDM) teen polisiewreedheid georganiseer is.

Na die uitkoms van die verkiesing het die MDM onderneem (belowe) om die uittartingsveldtog te verskerp. Tutu en Boesak het gesê dat hulle 'n optog na die parlement sou lei wanneer dit op 13 September 1989 hervat om woede teen polisiemoorde op die dag van die verkiesing uit te druk. Die dag voor die optog het Tutu aangekondig dat die optog eerder na die Kaapstad Stadsaal as na die parlement sou beweeg. Hy het bygevoeg dat die optog vreedsaam en gedissiplineerd sou wees, maar beklemtoon dat dit daar geen twyfel bestaan het dat die optog laat vaar (gestop) sou word nie. 'Hulle het ons mense doodgemaak,' het hy gesê. Dit het nie saak gemaak of die dodetal 23, soos hy eers genoem het, of 15 was, soos die polisie gesê het nie. 'Vyftien is 'n slagting … Selfs al werk ons net met húlle getalle, is dit 'n skandaal (skande).'

Aangemoedig deur die versekering van ds. Johan Heyns, moderator (onderhandelaar) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, dat die optog geweldloos sou wees, het De Klerk toegelaat dat dit voortgaan en gesê: 'Ons kan nie 'n demokrasie sonder protesoptogte hê nie.' De Klerk het bygevoeg dat daar geen rede vir mense was om deur wanordelike verset of oproerigheid aan hulle politieke aspirasies (ambisies) uiting te gee nie. 'Die deur na 'n nuwe Suid-Afrika is oop. Dit is nie nodig om dit af te breek nie,' het hy gesê.

Die optog het vreedsaam verloop en het die de facto- (werklike) opheffing van die verbanning van die ANC aangedui. ANC-vlae het prominent gewapper.

Plakkate met ANC-slagspreuke is openlik vertoon, ANC-vryheidsliedjies is gesing en ANC-leiers is geprys. Tutu en Boesak het die skare vanaf die balkon van die Stadsaal, wat met vlae van die ANC en die UDF versier was, toegespreek. 'Walk Cape Town Open' ('Loop Kaapstad Oop') het die plakkate verklaar. Die polisie het hulle eenkant gehou en geen stappe is gedoen om die verbod op die ANC of die beperkings op die UDF af te dwing nie.

[Uit *PEOPLE'S WAR – NEW LIGHT ON THE STRUGGLE FOR SOUTH AFRICA* deur A Jeffery]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1D**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n boek wat deur 'n geskiedkundige, A Jeffery, geskryf is. Dit verduidelik die apartheidsregering se reaksie op die uittartingsveldtogte wat in 1989 deur die Mass Democratic Movement (MDM) georganiseer is.

Die polisie het toegeslaan en ongeveer 30 MDM-leiers asook talle mense wat hulle inperkingsbevele oortree (verbreek) het, gearresteer of aangehou. Vlok (Minister van Polisie) het gesê dat hy deeglik daarvan bewus was dat die doelwit van die uittartingsveldtog was om die polisie te verplig om wette af te dwing wat rassesegregasie sou handhaaf en om dan negatiewe publisiteit daaruit te bekom. Die polisie het egter nie ingetree om apartheidswette af te dwing nie; hulle was eerder nie bereid om burgerlike ongehoorsaamheidsaktiwiteite, wat tot polarisasie (verdeeldheid), konfrontasie en geweld lei, te verdra nie. Tutu se vrou is twee keer tydens onwettige optogte gearresteer terwyl beide Boesak en Tutu aangehou is.

Die kragtige optrede is skerp deur die Amerikaanse administrasie afgekeur wat diep kommer oor die arrestasie van Tutu en sy vrou uitgespreek het en by die regering aangedring het om vreedsame uitdrukking van politieke meningsverskille (opposisie) toe te laat. In die VK (Verenigde Koninkryk) het televisiefilmmateriaal en koerantdekking op die gevalle gekonsentreer waar die polisie hulle uitweg geneem het tot traangas, waterkanonne, sambokke en massa-arrestasies om betogings op te breek.

In die aanloop tot die verkiesing was daar ook 'n aantal geleenthede waar die polisie se misbruik van mag baie duidelik geblyk het. Dit was op 2 September in Mitchell's Plain die geval toe die polisie begin het om optoggangers met knuppels en sambokke te slaan, wat een van hulle lede, Luitenant Gregory Rockman, aangespoor het om te sê dat sy kollegas soos 'wilde honde met 'n moordinstink' opgetree het. Tutu het geantwoord en gesê: 'Baie mense beweer dat ons melodramaties (ooremosioneel) is en dat ons oordryf wanneer ons sê dat … dit byna altyd die polisie met hulle teenwoordigheid of optrede is wat die geweld veroorsaak. Maar nou het 'n polisieluitenant die polisie van wreedheid aangekla en gesê wat ons nog altyd gesê het.'

[Uit *PEOPLE'S WAR – NEW LIGHT ON THE STRUGGLE FOR SOUTH AFRICA* deur A Jeffery]

**VRAAG 2: WAT KAN SUID-AFRIKANERS LEER UIT DIE ROL WAT AARTSBISKOP DESMOND TUTU, VOORSITTER VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) VANAF 1995 TOT 1998, GESPEEL HET?**

**BRON 2A**

Die uittreksel hieronder is geneem uit Aartsbiskop Desmond Tutu se aanvaardingstoespraak op 16 Desember 1995 by die eerste openbare byeenkoms van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) by die Stadsaal in Oos-Londen in die Oos-Kaap.

Ons is almal bewus daarvan dat ons 'n delikate (moeilike) opdrag gekry het en dat die uitvoering daarvan, suksesvol of nie, kritieke en verreikende gevolge vir ons land en nasie gaan hê. Dit is 'n ontsagwekkende (geweldige) verantwoordelikheid. Dit is belangrik dat ons voortdurend die titel van die Wet wat ons in die lewe geroep het – die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening – in gedagte hou.

Die absolute kern van die saak in ons Kommissie se werk is om ons land en mense te help om ware, werklike en nie goedkoop en nagemaakte (valse) versoening nie, te verkry. Party mense beskou die Kommissie met heelwat wantroue en, om die waarheid te sê, met agterdog en selfs vyandigheid omdat hulle hulleself oortuig het dat die Kommissie in 'n inkwisisie (ondersoek) gaan ontaard (verval), 'n heksejag wat vasbeslote is om met skurke (oortreders) af te reken.

Ons moet van die begin af 'n stokkie steek voor daardie gerug of agterdog. Ons is bedoel om 'n deel te wees van die genesingsproses van ons nasie, van ons mense, ons almal, aangesien elke Suid-Afrikaner tot een of ander mate getraumatiseer (ontstel) is. Ons is gewonde mense as gevolg van die konflik van die verlede, maak nie saak aan watter kant ons gestaan het nie. Ons almal het genesing nodig.

Ons is bevoorreg om op hierdie Kommissie te wees om ons land te help sodat ons mense eens en vir altyd ons donker verlede kan aanvaar. Hulle sê dat diegene wat aan geheueverlies (vergeetagtigheid) ly, diegene wat die verlede vergeet het, gedoem is om dit te herhaal.

Dit is hoekom die waarheid so sentraal tot hierdie hele oefening is. Ons sal nogtans meedoen aan iets wat per slot van rekening diep geestelik, diep persoonlik is. Dit is waarom ek 'n versoek tot al ons mense rig – dit is nie iets wat net met die Kommissie te make het nie. Ons is daarin, ons almal saam, swart, wit, Kleurlinge en Indiërs.

[Uit *The South African Institute of Race Relations – Race Relations Survey,* 1990]

**BRON 2B**

Die spotprent hieronder is deur J Shapiro, 'Zapiro', vir die *Sowetan*-koerant geteken. Dit beeld Aartsbiskop Desmond Tutu uit wat op 29 Oktober 1998 die Waarheids-en-Versoeningskommissie se verslag by President Nelson Mandela aflewer.




[Uit *Truth Drawn in Jest, Commentary on the Truth and Reconciliation Commission Through Cartoons* deur W Verwoerd en M Mabizela]

**SPESIALE AFLEWERING**

**WAARHEID**

**Vertaling:**

**... VAN LINKS, REGS EN IN DIE MIDDEL AANGEVAL, MENEER, MAAR ONS HET DIT GEMAAK!!**

**BRON 2C**

Hierdie bron deur A Yates is geneem uit 'n spesiale verslag met die titel 'Justice Delayed: The TRC Recommendations 20 Years Later'. Dit fokus op advokaat Ntsebeza (een van die WVK-kommissarisse) se evaluering van die werk van die WVK gelei deur Aartsbiskop Desmond Tutu, die voorsitter van die WVK.

Die WVK het ongeveer 300 oortreders van menseregteskendings aan vervolging onderwerp. Tot met die onlangse aankondiging deur die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) ('NPA') dat 15 sake op hierdie lys vervolg gaan word, is nog net een persoon, Eugene de Kock, aan apartheidsera-misdade skuldig bevind. Die onlangse herlewing (oplewing) in WVK-verwante vervolgings is 'n welkome teken dat hierdie aanbeveling kan realiseer (werklikheid word), hoewel dit stadig is … Die sake van Ahmed Timol, die Cradock Vier, en ander word tans gelitigeer (hofsake is aan die gang). Baie mense hoop dat die 15 nuwe sake wat deur die NVG aangepak gaan word, die begin van 'n lang proses van vervolging van die volledige lys uit die WVK-verslag sal wees.

Sommige van die WVK se doelwitte was suksesvol. Soos Ntsebeza Dumisa (WVK-kommissaris) met helder (duidelike) detail terugdink, was die eenvoudige stap dat jou storie in die openbaar bevestig (gestaaf) is 'n belangrike en betekenisvolle stap vir almal wat daarby betrokke was. Apartheid was 'n tydperk waartydens uitgebreide (toenemende) waninligting geskep is, op beide nasionale en globale vlakke, oor die werklikheid van wat in Suid-Afrika besig was om te gebeur. Dit is redelik om te droom dat ná die afwesigheid van die waarheid, openbare verklarings van feite nie net 'n herstel van persoonlike waardigheid sou wees nie, maar ook die eerste stap na nasionale eenheid.

Ntsebeza Dumisa stem saam dat die internasionale relaas (verhaal) dat die WVK Suid-Afrikaners van hulle verlede bevry het en dat dit 'n sprokiesverhaaleinde vir 'n massiewe menseregtestryd was, onwaar is. Die idee dat met Desmond Tutu aan die hoof (in beheer) Christelike waardes oorwin het, en dat vergifnis die trauma van 50 plus jaar se onderdrukking sou uitwis (verwyder), is ook kortsigtig.

[Uit *Daily Maverick*, 5 September 2018]

**BRON 2D**

Die bron hieronder, deur die Suid-Afrikaanse skrywer en politieke kommentator, Sisonke Msimang, is op 27 Desember 2021 in die *Al Jazeera*-hoofartikel gepubliseer. Dit was 'n huldeblyk aan Aartsbiskop Tutu wat op 26 Desember 2021 oorlede is.

Tutu is nie gemaak of gebreek deur die moeilike gesprekke wat in die konteks van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) plaasgevind het nie. Hy was 'n man met niks om te bewys nie en hy het die Kommissie bestuur (gelei) met 'n diep gevoel van liefde en toewyding aan die waarheid praat en vergifnis. Hierdie instink (gevoel) is soms deur sy land se behoefte aan tasbare (ware) geregtigheid, vir oortreders om tyd agter die tralies deur te bring, en vir slagoffers om die detail te kry van waar hulle geliefdes vermoor is, oorskadu (oortref).

Deur te fokus op die verhale van diegene wat duidelik die meeste gely (swaargekry) het – die familie van die mense wat gemartel en vermoor is – het die Kommissie 'n geleentheid laat verbygaan om die strukturele en sistemiese (algehele) impak (invloed) van apartheid te hanteer. Met ander woorde, ten spyte van die hartroerende (ontstellende) verhale en die tonele van opvallende hartseer, het die WVK nooit 'n volle mandaat gekry om die groepsgevolge van apartheid te analiseer (ontleed) nie – die verlies aan geleenthede wat deur naakte apartheid teen geslagte van swart mense bewerkstellig (plaasvind) het.

Die WVK het 'n lys apartheidsagente (geheime agente), wat daarvan verdink is dat hulle by die moorde op anti-apartheidsaktiviste betrokke was, aan die Nasionale vervolgingsgesag (NPA) oorhandig. In die twee dekades sedertdien het die Suid-Afrikaanse regering niks gedoen om daardie mense voor die gereg te bring nie; hulle het ook nooit ooreengekom om die vraag na regstelling (herstel) en vergoeding vir al die slagoffers van apartheid te bekyk nie. Die skuld hiervoor lê nie by Desmond Tutu nie. Inteendeel, sy dood herinner ons aan die onafgehandelde sake met betrekking tot die oorgang van apartheid na demokrasie. Dit was nie sy besigheid nie – dit is ons s'n. Vir dié van ons wat uitgeput is, sal dit goed wees om kennis te neem van die groot man se woorde. Met sy kenmerkende openhartigheid het Tutu gesê: 'As jy vrede wil hê, praat jy nie met jou vriende nie. Jy praat met jou vyande.' Hierdie aandrang daarop om uit te reik, selfs ten spyte van alle soorte verdeeldhede, was die sleutel tot sy effektiwiteit.

[Uit *Al Jazeera*, 27 Desember 2021]

**VRAAG 3: HOE TOEGEWYD WAS ONTWIKKELENDE LANDE VAN BRICS AAN GLOBALE KLIMAATSVERANDERINGKWESSIES TUSSEN 2000 EN 2021?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n stelling deur die Suid-Afrikaanse Departement van Energie wat op 30 November 2011 uitgereik is. Dit beklemtoon Suid-Afrika se toegewydheid aan die United Nations Framework Convention on Climate Change (UNFCCC).

Suid-Afrika is deel van beide die Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatsverandering ('UNFCCC') en hulle Kyoto Protokol en het in 1997 die Konvensie aanvaar (ingestem tot) en in 2002 het hulle die Protokol bekragtig (goedgekeur). As 'n ondertekenaar (deelnemer) moet die land voldoen en deelneem aan vergaderings en besprekings van die UNFCCC en hulle Kyoto Protokol.

Die Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatsverandering ('UNFCCC') is die belangrikste globale reaksie op klimaatsverandering. Die verwante Kyoto Protokol is 'n internasionale ooreenkoms wat lande klassifiseer volgens hulle vlak van industrialisasie en verbind sekere lande tot teikens wat verband hou met die vermindering van kweekhuisgasuitlatings.

Die Suid-Afrikaanse Kabinet het goedkeuring verleen dat Suid-Afrika in Mei 2008 gasheer kon wees vir die Klimaatsveranderingkonferensie ('Climate Change Conference'), wat die COP17-konferensie van die Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatsverandering ('UNFCCC') sou insluit. Die UNFCCC het die land se aanbod aanvaar om in Desember 2008 gasheer te wees.

Die Departement van Omgewingsake ('DEA'), saam met die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking ('DIRCO') is die belangrikste departemente wat die koördinasie van die konferensie lei. Die Interministeriële Komitee oor Klimaatsverandering ('Interministerial Committee on Climate Change'), wat bestaan uit al die ander relevante departemente, is gestig om oor beide die logistiek en die relevante toepaslike (praktiese) inhoudskwessies rakende gasheer speel, toesig te hou. Op operasionele vlak is twee tegniese werksubkomitees gevorm om aan die logistiek en relevante (praktiese) inhoudskwessies onderskeidelik aandag te gee.

[Uit http://www.energy.gov.za/cop%2017/default.htm. Toegang op 15 Mei 2022 verkry.]

**BRON 3B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n transkripsie van 'n toespraak wat op 11 Desember 2011 deur Greta Thunberg, 'n Sweedse omgewingsaktivis, by die VN se 25ste konferensie (COP25) in Madrid, Spanje, gemaak is. Dit beklemtoon hoe ryk en ontwikkelende lande nie besig was om hulle verbintenis (belofte) tot die vermindering van kweekhuisgasse na te kom nie.

Ek praat al vir ongeveer 'n jaar lank voortdurend oor ons vinnig afnemende koolstofbegrotings. Maar aangesien dit steeds geïgnoreer word, gaan ek net voortgaan om dit te herhaal. Die G20-lande is aanspreeklik vir amper 80 persent van totale uitlatings. Die rykste 10 persent van die wêreld se bevolking produseer die helfte van ons koolstofdioksied($CO_2$)-uitlatings, terwyl die armste 50 persent vir slegs een tiende aanspreeklik is. Ons het beslis werk om te doen, party van ons meer as ander.

'n Handjievol ryk lande het onlangs hulleself daartoe verbind (belowe) om hulle kweekhuisgasuitlatings met soveel en soveel persent te verminder teen hierdie of daardie datum of om in soveel en soveel jaar klimaatsneutraal of netto zero te wees. Dit klink dalk op die oog af baie indrukwekkend, maar selfs al is die bedoelings goed, is dit nie leierskap nie. Dit is nie lei (bestuur) nie. Dit is misleidend omdat die meeste van hierdie beloftes nie lugvaart, verskeping, ingevoerde en uitgevoerde goedere en verbruik insluit nie. Dit sluit egter wel die moontlikheid in dat lande hulle uitlatings iewers anders kan verplaas (verskuif).

… en sonder daardie besef van dringendheid, hoe kan ons, die mense, verstaan dat ons voor 'n werklike krisis staan. En as mense nie ten volle bewus is van wat aangaan nie, dan sal hulle nie druk plaas op die mense wat die mag het om iets daaraan te doen nie. En sonder druk van die mense, sal ons leiers basies daarmee wegkom om niks te doen nie, wat is waar ons nou is.

Wel, ek sê vir julle, daar is hoop. Ek het dit gesien, maar dit kom nie van die regerings of korporasies af nie. Dit kom van die mense af. Die mense wat onbewus was, maar wat nou begin wakker skrik. En as ons eers bewus is, verander ons. Mense kan verander. Mense is gereed vir verandering.

[Uit *Express*, 13 Desember 2019]

**BRON 3C**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit die nasionale verklaring wat op 2 November 2021 deur die Indiese Eerste Minister, Shri Narendra Modi, by die COP26-beraad in Glasgow gemaak is. Dit beklemtoon hoe Indië hulleself verbind het om die klimaatsveranderingprogramme na te kom.

Toe ek aanvanklik na die Klimaatsberaad in Parys gekom het, was dit nie my bedoeling om nog een belofte by al die ander wat reeds in die wêreld gemaak is, te voeg nie. Ek het gekom met 'n bekommernis oor die mensdom. Ek het gekom as 'n verteenwoordiger van 'n kultuur wat die boodskap 'Sarve Bhavantu Sukhinah' gegee het, wat 'Blydskap vir Almal' beteken. En daarom was die byeenkoms in Parys vir my nie 'n beraad nie, dit was 'n sentiment en 'n verbintenis (eed). En Indië het nie daardie beloftes aan die wêreld gemaak nie, dit was eerder tien miljoene Indiërs wat daardie belofte aan hulleself gemaak het.

En ek is vandag bly dat 'n ontwikkelende land soos Indië, wat werk aan die opheffing van tien miljoene mense uit armoede, en wat dag en nag aan die welbehae (vreugde) van tien miljoene mense werk, ten spyte daarvan dat ons 17% van die wêreld se bevolking uitmaak en slegs vir 5 persent van die wêreld se uitlatings verantwoordelik is, geen steen onaangeraak gelaat het om te wys dat ons ons verpligting nagekom het nie.

Die hele wêreld glo vandag dat Indië die enigste groot ekonomie is wat in letter en gees aan die Parys-verbintenis gehoor gegee het. Ons is baie vasbeslote en ons werk hard en toon die resultate. Oor die kwessie van klimaat, beweeg Indië vandag vorentoe met groot moed en groot ambisie. Indië verstaan ook die swaarkry van ander ontwikkelende lande, ons deel dit met hulle en sal voortgaan om ook hulle verwagtinge te verwoord.

In baie ontwikkelende lande neem klimaatsverandering 'n belangrike plek in (dit is 'n dringende probleem) met betrekking tot hulle bestaan. Ons sal vandag groot stappe moet doen om die wêreld te red. Dit is wat op hierdie tydstip nodig is en dit sal ook die relevansie van hierdie forum bewys. Ek vertrou dat die besluite wat in Glasgow geneem word, die toekoms van ons toekomstige generasies sal red en hulle die gawe van 'n veilige en voorspoedige lewe sal gee.

[Uit *Ministry of External Affairs, Media Centre*, 2 November 2021]

**BRON 3D**

Hierdie foto deur C Kampfner vir *The Times*-koerant is op 12 November 2012 geneem buite die COP26-beraad wat in Glasgow, Skotland, gehou is. Dit toon die betoging deur Brasiliane teen hulle politieke leiers (Joaquim Leite, Minister van Omgewing, en Bolsonaro, Brasiliaanse President) omdat hulle nie genoeg doen om die Brasiliaanse woude te beskerm nie.




[Uit *The Times*, 12 November 2021]

**AMASONE OF BOLSONARO**

**CAATINGA TE KOOP $1,89**

**JOAQUIM LEITE**
**MINISTRO DO NENHUM AMBIENTE**

*__AMASONE – Brasiliaanse Reënwoud__
***CAATINGA – Brasiliaanse Woud**

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

*Al Jazeera*, 27 Desember 2021

*Daily Maverick*, 5 September 2018

*Express*, 13 Desember 2019

http://146.141.12.32/protest-about-segregation-in-hospitals-at-addington-hospital-in-durban.

http://www.energy.gov.za/cop%2017/default.htm.

https://photius.com/countries/south_africa/government/south_africa_government_mass democratic_move~2494.html.

Jeffery, A. 2009. *PEOPLE'S WAR – NEW LIGHT ON THE STRUGGLE FOR SOUTH AFRICA*, Jonathan Ball Publishers (Edms.) Bpk., Kaapstad

*Ministry of External Affairs, Media Centre*, 2 November 2021

*The South African Institute of Race Relations – Race Relations Survey,* 1990

*The Times*, 12 November 2021

Verwoerd, W en Mabizela M. 2000. *Truth Drawn in Jest, Commentary on the Truth and Reconciliation Commission Through Cartoons*, New Africa Books, Kaapstad.

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# GESKIEDENIS V2

# NOVEMBER 2022

# NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 28 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30% (15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

___________ . __________________________ . _________________________
_____________________________________________ . _________________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$ (omkring)
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en ŉ onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van ŉ opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in inhoud dekking.
Pogings om 'n argument volte hou

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | **VLAK 7** | **VLAK 6** | **VLAK 5** | **VLAK 4** | **VLAK 3** | **VLAK 2** | **VLAK 1*** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE MASS DEMOCRATIC MOVEMENT (MDM) IN DIE LAAT 1980'S DIE SEGREGASIEWETTE VAN SUID-AFRIKA SE APARTHEIDSREGERING UITGEDAAG?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Mass Democratic Movement' (MDM) (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'basiese strukture moes versterk'
- 'al daardie organisasies aan die rand (van buite) moes ingebring (ingesluit) word sodat hulle by die stryd betrokke kon raak' (2 x 1) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Alle organisasies wat deel van die MDM wou wees moes die voorwaardes van die ANC se Vryheidsmanifes nakom
- Die vryheidstryd wat deur die MDM gevoer is, was gerig teen die verwerkliking van die fundamentele beginsels van die Vryheidsmanifes wat geaffilieerdes moes aanvaar
- Organisasies wat by die MDM aansluit moet anti-apartheid beginsels het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Verduideliking van 'n term uit Bron 1A – V2]*
- Passieweweerstandsveldtogte/geweldlose optrede deur MDM georganiseer gemik op die uittarting/minagting van onregverdige apartheidswette
- Vreedsame optogte/verset in gemeeenskappe deur MDM georganiseer teen die segregasiewette in Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2

1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Apartheidswette wat diskriminasie in hospitale bevorder het, is veroordeel/teengestaan deur groepe wat by die MDM geaffilieer is, bv. NUSAS
- MDM het gesondheidsverskaffing en behandelings van mense wat op apartheidsdiskriminasie gebaseer was, verwerp – desegregeer hospitale
- 'n Oproep is deur die MDM gemaak om alle hospitale oop te maak en te desegregeer vir alle rasse
- Betogers bestaan uit verskillende rassegroepe –Insluiting van NUSAS
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die optog het bestaan uit 'n veelrassige groep betogers (swart mense en wit mense)
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.3

*[Vergelyking van bewyse in Bron 1A en 1B – V3]*

- Bron 1A verwys na MDM betogers teen slegs blanke hospitale en Bron 1B toon MDM veelrassige betogers teen segregasie by die Addington Hospitaal in Durban wat slegs vir wit mense was
- Beide bronne beklemtoon burgerlike ongehoorsaamheid/vreedsame veldtogte wat deur die MDM teen segregasiewette georganiseer is
- Beide bronne toon veelrassige verset
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 'om woede teen polisiemoorde op die dag van die verkiesing uit te druk' (1 x 1) (1)

1.4.2 *Interpretasie van bewyse uit Bron 1C –V2]*

- Tutu veroordeel die wrede moorde van betogers op die dag van die verkiesing deur die polisie
- Polisie toon geen respek vir die lewens van betogers nie
- Tutu glo dat daar geen regverdiging is vir enige lewensverlies van vreedsame betogers nie, ongeag die aantal wat gesterf het/ is 'n misdaad
- Dit was 'n skandaal (skande) omdat die insident toegesmeer is
- Die lewens van mense wat vermoor is, is deur die regering tot statistiek verlaag
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 'Aangemoedig deur die versekering van ds. Johan Heyns, moderator (onderhandelaar) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, dat die optog geweldloos sou wees'
- 'Ons kan nie 'n demokrasie sonder protesoptogte hê nie.'
- 'daar geen rede vir mense was om deur wanordelike verset of oproerigheid aan hulle politieke aspirasies (ambisies) uiting te gee nie'
- 'Die deur na 'n nuwe Suid-Afrika is oop'
- 'Dit is nie nodig om dit af te breek nie' (enige 3 x 1) (3)

1.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- De Klerk as die nuwe NP-leier/polisie wou konflik voorkom
- De Klerk wou toon dat hy 'n nuwe koers vir verandering wou inslaan
- De Klerk/polisie wou die herhaling van die onnodige moorde wat voor sy ampstermyn as President plaasgevind het, vermy
- Die polisie is deur die nuwe NP-leierskap beveel om met selfbeheersing op te tree om hulle geloofwaardigheid te herstel en 'n ander skandaal te vermy
- Om negatiewe publisiteit van die polisie te vermy
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.5 *[Vasstel van betroubaarheid van bewyse uit Bron 1C – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR want:**
- Dit kom uit 'n boek wat deur 'n akademikus en bekende skrywer van Geskiedenisboeke, Anthea Jeffery, geskryf is
- Die datum van die vredesoptog (13 September 1989) was op die dag waarop die Parlement moes hervat na polisiewreedheid op verkiesingsdag
- Dit verduidelik die werklike gebeure wat op 13 September 1989 plaasgevind het gedurende die vredesoptog na die Kaapstad Stadsaal, wat deur die MDM gereël is
- Dit dui aan dat Prominente leiers van die MDM, soos Boesak en Tutu wie bygedra het tot die organisering van die optog om die apartheidsregime uit te daag
- Dit sluit direkte woorde/aanhalings deur leiers aan beide kante van die konflik (Tutu en De Klerk) in
- Dit gee insig oor die nuwe pad van veranderinge wat de Klerk na 1989 aangepak het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5
1.5.1 *[Vasstel van betroubaarheid van bewyse uit Bron 1D – V1]*'
- 'toegeslaan'
- 'gearresteer'
- 'ongeveer 30 MDM-leiers … aangehou'
- 'Tutu se vrou is twee keer tydens onwettige optogte gearresteer'
- 'Boesak en Tutu (is) aangehou'
- ‘Die polisie hulle uitweg geneem het tot traangas, waterkanonne, sambokke en massa-arrestasies’.
- ‘Die polisie het optoggangers met knuppels en sambokke geslaan,

(enige 3 x 1) (3)

1.5.2 *[Definisie van 'n term uit Bron 1D – V1]*
- Vreedsame Verset/Geweldlose optrede gemik op die verontagsaming van onregverdige wette
- Vreedsame Versetveldtogte gemik op die ondermyning van onregverdige wetgewing
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.3 *Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Die kragtige optrede het skerp optrede uitgelok'
- ‘Die VSA administrasie was bekommerd oor die arrestasie van Tutu en sy vrou’
- 'by die regering aangedring het om vreedsame uitdrukking van politieke meningsverskille (opposisie) toe te laat' (enige 2 x 1) (2)

1.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Hy was gekant teen die misbruik van mag deur die polisie teen vreedsame optogte
- Hy was eensgesind met die vreedsame optrede van die optoggangers
- Hy het nie gehou van die wreedheid wat deur sy kollegas gepleeg is nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

- Die MDM is gestig (nadat die UDF in 1988 verban is) as 'n koalisie van anti-apartheidsgroepe uit grondvlak-gemeenskapsorganisasies wat by die stryd betrokke was (Bron 1A)
- Die MDM (as 'n los koalisie met geen permanente organisasiestruktuur nie wat ondersteuning by swart gemeenskappe gekry het) sou die Vryheidsmanifes as voorwaarde vir affiliasie gebruik (Bron 1A)
- Hulle het burgerlike ongehoorsaamheidsveldtogte georganiseer deur die noodtoestand en apartheidswetgewing, soos hospitale en strande slegs vir wit mense, deur vreedsame optogte te minag (Bron 1A en 1D)
- Hulle het die noodtoestandregulasies wat op daardie stadium van krag was, geminag/uitgetart (Bron 1A)
- Hulle het uittartingsveldtogte georganiseer wat veelrassige groepe betrek het teen die apartheidsregering se hospitaal- en gesondheid-segregasiebeleide (Bron 1B)
- Hulle het vredesoptogveldtogte teen die apartheidsregering se moorde op mense en apartheidswetgewing gereël (Bron 1C)
- Hulle het versetveldtogte gehou wat die laaste spyker in die doodskis van apartheid was en De Klerk geforseer het om noodtoestandregulasies te verslap en wat die weg vir gesprekke met die vryheidsbeweging gebaan het (Bron 1C)
- Hulle vertoon ANC-slagspreuke/vlae/baniere openlik (Bron 1C)
- Hulle aktiwiteite het polisiewreedheid ontbloot (Bron 1D)
- Versetveldtogte is gedurende 1989 regdeur SA deur die MDM georganiseer wat druk op die Suid-Afrikaanse regering geplaas het om van mag afstand te doen (eie kennis)
- Polisiewreedheid gedurende die 1989-vredesoptog en ander versetveldtogte wat deur die MDM georganiseer is, is internasionaal veroordeel deur die VSA en die VK en het die apartheidsregering ongewild gemaak (Bron 1D en eie kennis)
- Die veldtogstrategieë van die MDM het massiewe ondersteuning van die massa ingebring wat die apartheidsregering gedwing het om uiteindelik hulle beleid te verander (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die Mass Democratic Movement (MDM) die segregasiewette van Suid-Afrika se apartheidsregering in die laat 1980's uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die Mass Democratic Movement (MDM) die segregasiewette van Suid-Afrika se apartheidsregering in die laat 1980's uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die Mass Democratic Movement (MDM) die segregasiewette van Suid-Afrika se apartheids-regering in die laat 1980's uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAT KAN SUID-AFRIKANERS LEER UIT DIE ROL WAT AARTSBISKOP DESMOND TUTU, VOORSITTER VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) VANAF 1995 TOT 1998, GESPEEL HET?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'om ons land en mense te help om ware, werklike en nie goedkoop en nagemaakte (valse) versoening nie, te verkry' (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Dat die WVK nie slegs gaan fokus op die slagoffers nie, maar ook op oortreders wat van die skuldgevoelens oor misdade wat hulle gepleeg het bevry moet word
- Dat die verlede vreesloos deur alle rassegroepe uitgedaag moet word om genesing en versoening/eenheid van trauma te bekom
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- 'NP' (Nasionale Party)
- 'ANC' (African National Congress)
- 'FF' (VryheidsFront)
- 'IFP' (Inkatha Vryheidsparty)
- 'PAC' (Pan Africanist Congress) (enige 4 x 1) (4)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Baie politieke partye het die WVK-verslag aangeval omdat hulle geïmpliseer is
- Tutu (as die voorsitter van die WVK) het die WVK-verslag aan die kantoor van Nelson Mandela (die President van Suid-Afrika) voorgelê ten spyte van al die uitdagings
- Alhoewel die WVK deur verskeie politieke partye gekritiseer is, is die basiese werk voltooi en Suid-Afrika het tot 'n sekere mate die verlede hanteer
- Tutu het die voorlegging van die WVK-verslag as iets spesiaal beskou (spesiale aflewering)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Vasstelling van die beperkings van die bewyse in Bron 2B – V3]*
**Die bron is BEPERK want:**
- Dit is slegs Zapiro/ eensydig – die spotprenttekenaar se standpunt
- Die spotprenttekenaar beeld 'n negatiewe perspektief van die WVK-verslag uit, nl. dat dit deur verskeie politieke partye aangeval word
- Die taal wat gebruik word, 'van links en regs en in die middel aangeval …' dien as 'n erkenning van negatiwiteit ten opsigte van die WVK-verslag
- Die WVK word as 'n mislukking uitgebeeld
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 2C – V1]*
- Enigeen wat verantwoordelik is vir die growwe menseregteskending van enige ander individu
- Enigeen wat opsetlik onskuldige mense vir politieke redes ontmens of leed aangedoen het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'aankondiging deur die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) ('NPA') dat 15 sake op hierdie lys vervolg gaan word'
- 'net een persoon, Eugene de Kock, aan apartheidsera-misdade skuldig bevind'
- 'onlangse herlewing (oplewing) in WVK-verwante vervolgings'
- 'Die sake van Ahmed Timol, die Cradock Vier, en ander word tans gelitigeer (hofsake is aan die gang)'
- 'Baie mense hoop dat die 15 nuwe sake wat deur die NPA aangepak gaan word, die begin van 'n lang proses van vervolging van die volledige lys uit die WVK-verslag sal wees' (enige 2 x 1) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Maar openbare verklarings was 'n aanduiding van prestasie vir die WVK
- Getuienis deur die slagoffers en oortreders in die WVK moet nie as vanselfsprekend geneem word nie – dit het belangrike inligting onthul
- Openbare verhore het 'n paar misvattings, waninligting en leuens opgeklaar
- Openbare verklarings lei na versoening/genesing
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- 'Tutu is nie gemaak of gebreek deur die moeilike gesprekke wat in die konteks van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) plaasgevind het nie'
- 'Hy was 'n man met niks om te bewys nie'
- 'hy het die Kommissie bestuur (gelei) met 'n diep gevoel van liefde en toewyding aan waarheidliewendheid en vergifnis'
- 'Hierdie aandrang daarop om uit te reik, selfs ten spyte van alle soorte verdeeldhede, was die sleutel tot sy effektiwiteit' (enige 3 x 1) (3)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Die WVK het slegs op spesifieke gevalle wat slagoffers en oortreders geaffekteer het, gekonsentreer
- Die WVK het nie die algemene impak van apartheid op swart mense (ander rassegroepe) hanteer nie
- Die WVK het slegs gefokus op gruweldade wat tussen 1960 en 1994/beperk tot spesifieke tyd gepleeg is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.3 *[Verduideliking van 'n term uit Bron 2D – V2]*

- Herstel van menswaardigheid van diegene wat deur die apartheidsregering onderdruk is
- Implementering van reparasies (vergoeding) en die rehabilitasieproses van die verlies en trauma wat Suid-Afrikaners gedurende apartheid ervaar het
- Herstel van regverdigheid sodat die slagoffers met die oortreders kan versoen om gelykheid in Suid-Afrika te bewerkstellig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Dat Tutu die WVK effektief gelei/bestuur het om die verlede te hanteer en dit was belangrik dat die ANC regering die proses voltooi deur die aanbevelings te implementeer
- Die WVK se aanbevelings is nie ten volle deur die NVG geïmplementeer nie
- Suid-Afrika steier steeds onder die impak van apartheid en het nog nie na demokratiese beginsels aanbeweeg nie
- Party reparasies (vergoeding) wat aan slagoffers belowe is, is nog nie betaal nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en 2D – V3]*

- In Bron 2C glo Kommissaris Ntsebeza dat die WVK suksesvol was met sommige van hulle doelwitte en in Bron 2D beweer Msimang dat Tutu 'n man was wat die kommissie met 'n diep gevoel van liefde en toewyding aan waarheidliewendheid en vergifnis gelei/bestuur het
- Beide bronne toon Tutu se rol/bydra wat hy as voorsitter van die WVK gelewer het
- Beide bronne erken dat die WVK-verslag daarin geslaag het om 'n lys van oortreders (apartheidsagente) aan die NVG te verskaf
- Beide bronne verwys na die feit dat die stadige tempo waarmee die NVG werk gemaak het van die lys wat deur die WVK verskaf is, nie Tutu se skuld is nie
- Beide bronne fokus op diegene wat gewond is (slagoffers)
- Beide bronne erken dat die WVK nie ten volle voorsiening gemaak het vir regstellings aan alle slagoffers van apartheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Tutu aanvaar 'n groot verantwoordelikheid om as voorsitter van die WVK te dien (Bron 2A)
- Hy het homself verbind tot werklike versoening ten spyte daarvan dat sommige mense die WVK met bedenkinge beskou het (Bron 2A)
- Hy het 'n beroep op alle Suid-Afrikaners gedoen om deel te wees van die genesingsproses van die nasie (Bron 2A)
- Hy het nie straf gesoek nie, maar wou dat die waarheid gehoor word (eie kennis)
- Hy het nederig gebly (hy het gesê dat dit 'n voorreg is om op hierdie kommissie te dien) terwyl hy die voorsitter is (Bron 2A)
- Tutu het die nasie op 'n weldeurdagte weg van vryheid en vergifnis gesit, haatdraendheid en wraak was nie vir hom nie (eie kennis)
- Tutu kon daarin slaag om die WVK-verslag aan Nelson Mandela te oorhandig ten spyte daarvan dat daar kritiek van verskeie politieke organisasies was (Bron 2B)
- Hy het positief gebly (hy het geglo dat aanvalle van regs, links en die middel hom nie so keer om dit te maak nie) (Bron 2B)
- Onder die leierskap van Tutu kon die WVK aanbeveel dat die NVG 300 gevalle waar oortreders menseregte geskend het, kon aankla en vervolg, dus is sommige families tans besig met litigasie (Bron 2C)
- Tutu toon empatie met slagoffers en hul families (eie kennis)
- Hy gee hoop aan sommige families wat tans besig is met litigasie oor gevalle wat deur die WVK-verslag aanbeveel is (Bron 2C)
- Ntsebeza het Tutu se leierskap van die WVK geprys as gevolg van die sukses van die openbare verhore (Bron 2C)
- Msimang het Tutu beskryf as 'n man met niks om te verloor nie, 'n man wat die WVK gelei het met 'n diep gevoel van liefde en toewyding aan waarheidliewendheid en vergifnis (Bron 2D)
- Hy het uitgestaan as 'n inspirasie van versoening vir alle Suid-Afrikaners, hy het UBUNTU bevorder (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van wat Suid-Afrikaners kan leer uit die rol wat Aartsbiskop Desmond Tutu, voorsitter van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) van 1995 tot 1998 gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van wat Suid-Afrikaners kan leer uit die rol wat Aartsbiskop Desmond Tutu, voorsitter van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) van 1995 tot 1998 gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van wat Suid-Afrikaners kan leer uit die rol wat Aartsbiskop Desmond Tutu, voorsitter van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) van 1995 tot 1998 gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE TOEGEWYD WAS ONTWIKKELENDE LANDE VAN BRICS AAN GLOBALE KLIMAATSVERANDERINGKWESSIES TUSSEN 2000 AND 2021?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- 'voldoen … aan en
- 'deelneem aan vergaderings en besprekings van die UNFCCC en hulle Kyoto Protokol' (2 x 1) (2)

3.1.2 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 3A – V1]*

- 'n Langtermynverskuiwing in temperatuur en weerpatrone as gevolg van menslike aktiwiteite soos die verbranding van steenkool, olie, gas of fossielbrandstowwe
- Verandering in globale of streeksklimaatpatrone wat ook as aardverwarming bekend staan
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- 'lande klassifiseer volgens hulle vlak van industrialisasie'
- 'verbind sekere lande tot teikens wat verband hou met die vermindering van kweekhuisgasuitlatings' (2 x 1) (2)

3.1.4 *[Bron 3A – V1]*

- 'beide die logistiek en die relevante toepaslike (praktiese) inhoudskwessies rakende gasheer speel, toesig te hou'
- 'Op operasionele vlak is twee tegniese werkende subkomitees gevorm om aan die logistiek en relevante (praktiese) inhoudskwessies onderskeidelik aandag te gee' (2 x 1) (2)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

(a) 'helfte' (1 x 1)

(b) ‘een tiende' (1 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Hulle was/is gulsig/ nie bereid om hul industriële of ekonomiese teikens te verminder
- Hulle was/is nie bereid om op hulle uitlatings te sny nie aangesien hulle groot winste uit die besighede maak
- Hulle was/is nie bereid om om regverdige bedrae geld by te dra om ontwikkelende lande te help om hulle uitlatings te verminder nie
- Hulle leiers was/is nie eerlike mense nie/ gebrek aan leierskap vaardighede
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Gewone mense toon groter belangstelling/bewustheid om die omgewing te bewaar
- Regerings en groot maatskappye stel net belang daarin om wins te maak teen die bewaring van die omgewing
- Verset teen die bewaring van die omgewing word deur gewone mense gelei
- Daar is nie genoeg pogings deur leiers om individue bewus te maak van die bedreigings teen die omgewing nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.4 *[Vasstelling van betroubaarheid van Bron 3B – V3]*
**Die bron is BETROUBAAR want:**
- Dit is 'n uittreksel uit 'n toespraak (direkte inligting) deur Greta Thunberg
- Die toespraak is gemaak deur Greta Thunberg, 'n Sweedse omgewingsaktivis, by die VN se 25$^{ste}$ konferensie (COP25)
- Die toespraak is op 11 Desember 2011 tydens die COP25-klimaatskonferensie gemaak
- Die toespraak het die netelige kwessie van die teësinnigheid van die meeste ryk lande om hulle gasuitlatings te verminder, soos by vorige konferensies ooreengekom is, aangepak
- Die toespraak het die aktuele kwessie van die effek van klimaatsverandering wêreldwys aangepak
- Die inligting in Bron 3C stem ooreen met bewyse in Bron 3D ten opsigte van klimaatsverandering aspekte
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3
3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- 'bekommernis oor die mensdom'
- 'Indië het nie daardie beloftes aan die wêreld gemaak nie, dit was eerder tien miljoene Indiërs wat daardie belofte aan hulleself gemaak het'

(2 x 1) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Modi het nie die Parys-klimaatsberaad as net nog 'n beraad beskou nie – hy het aanspraak gemaak dat dit 'n draaipunt is
- Indië se teenwoordigheid by die konferensie was 'n geleentheid waar President Modi die ware gevoelens van sy land se mense teenoor die omgewing kon toon
- Die Indiese Eerste Minister het die beloftes wat gemaak is, beskou as 'n onderneming om die omgewing te beskerm en dat alles moontlik gedoen moet word om sukses te behaal
- Indiërs verstaan heeltemal watter verwoesting klimaatsverandering aan die lewe sal veroorsaak
- Daar was samewerking tussen Indiërs in hulle pogings om die omgewing te bewaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.3 *[Verduideliking van 'n konsep uit Bron 3C – V2]*
Verwys na :
- arm landboulande wat ekonomies en maatskaplik ontwikkel
- lande wat minder industriële en tegniese ontwikkelde fasiliteite het
- lande waar die meerderheid van die bevolking steeds lae en middel inkomste verdien
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- 'geen steen onaangeraak gelaat het te wys dat hulle hulle verpligting nagekom het nie'
- 'Ons is baie vasbeslote en ons werk hard'
- 'Ons is baie vasbeslote en ons werk hard en toon die resultate'
- 'Oor die kwessie van klimaat, beweeg Indië vandag vorentoe met groot moed en groot ambisie'
- Indië verstaan ook die swaarkry van ander ontwikkelende lande, ons deel met hulle en sal voortgaan om ook hulle verwagtinge te verwoord

(enige 2 x 1) (2)

3.4
3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Om die tragiese toestand van die mense van Brasilië met betrekking tot die effekte van klimaatsverandering te beklemtoon
- Om die versuim van Brasiliaanse beamptes om hulle burgers teen omgewingsbedreigings te beskerm
- Om die versuim van die Verenigde Nasies se omgewingskonvensies om die tragiese toestand van mense regdeur die wêreld te verbeter, te beklemtoon
- Dit is nuuswaardig omdat dit Brasilië se nalatigheid met betrekking tot die Amasone en Caatinga Woude beklemtoon
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Woude speel 'n belangrike rol om klimaatverandering (aardverwarming) te voorkom
- Die Caatinga Woud is toegelaat om te verdwyn as gevolg van beamptes wat (in ruil vir dit wat die woud produseer) a paar Amerikaanse dollar ontvang het en die land het nie daarby gebaat nie
- Die woude is weggekap vir verstedeliking en mynbou
- Ontbossing sal woude en natuurlike habitate vir plante en diere vernietig/ veroorsak oorstromings en vernietiging van die omgewing
- Inheemse mense se leefwyse wat in die woude bly sal negatief beïnvloed word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3B en 3D – V3]*

- In beide bronne verbind leiers hulle om kweekhuisgasuitlatings te verminder maar implementeer nie hierdie ooreenkomste nie
- In Bron 3B verwys Thunberg na die gebrek aan dringendheid om klimaatsveranderingkwessies aan te pak en in Bron 3D betoog Brasiliaanse betogers teen hulle politieke leiers omdat hulle nie vinnig genoeg werk om om hulle woude te beskerm nie
- Beide bronne verwys na druk van gewone mense teen diegene aan bewind (wat die mag het)
- Hoop op verandering deur druk van gewone mense waarin Bron 3B is duidelik deur aktivisme in Bron 3D
- Beide bronne toon die belangrikheid van die beskerming van die omgewing
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bron – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Suid-Afrika is 'n ondertekenaar van die UNFCCC en voldoen aan die Kyoto Protokol (Bron 3A)
- Die Suid-Afrikaanse kabinet het goedgekeur dat ons in Mei 2008 gasheer kon speel vir die UNFCCC (Bron 3A)
- Die saam met die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking ('DIRCO') het saamgewerk om die koördinasie van die konferensie wat in Suid-Afrika sou plaasvind, te lei (Bron 3A)
- Indië het miljoene van hulle burgers betrek by die vermindering van hulle koolstofuitlatings (Bron 3B)
- Indië het hulle verpligtinge om die uitlatings wat hulle produseer, te verminder, nagekom (Bron 3C)
- Indië het die ander ontwikkelende lande ondersteun in hulle pogings om uitlatings te verminder (Bron 3C)
- Brasilië het misluk om die omgewingsuitdagings in die Amasone en Caatinga woude te bestuur (Bron 3D)
- Die Brasiliaanse Minister van die Omgewing het nie daarin geslaag om omgewingsprogramme te hanteer en te implementeer nie (Bron 3D)
- Gewone mense in Brasilië doen stappe om hulle dilemma/treurige toestand/nood te beklemtoon en om vir hulle omgewing te red (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe toegewyd ontwikkelende lande van BRICS aan globale klimaatsverandering-kwessies tussen 2000 en 2021 was nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe toegewyd ontwikkelende lande van BRICS aan globale klimaatsverandering-kwessies tussen 2000 en 2021 was.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe toegewyd ontwikkelende lande van BRICS aan globale klimaatsverandering-kwessies tussen 2000 en 2021 was.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie. Indien hulle saamstem, moet hulle verduidelik hoe die filosofie van Swart Bewussyn suksesvol was met die vestiging van trots en selfvertroue by swart mense om apartheid in die 1970's in Suid-Afrika uit te daag. Indien hulle nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hulle argument met relevante historiese bewyse motiveer/ondersteun/staaf.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate kan saamstem of nie met hoe die filosofie van Swart Bewussyn suksesvol was met die vestiging van trots en selfvertroue by swart mense om apartheid in die 1970's in Suid-Afrika uit te daag. Hulle moet ook aandui hoe hulle hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDINGELABORATION

- Politieke vakuum (Agtergrondinligting)
  - ➢ Oorsprong van SB /Geskep nadat ANC- en PAC- politieke leiers en partye in 1960 verban of in die tronk gesit is
- Vestiging van trots en selfvertroue by swart mense om die apartheidstaat uit te daag ( SB filosofie)
  - ➢ Vestig gevoel van trots by swart mense
  - ➢ Beïnvloed swart mense om hulleself te aanvaar/selfvertroue te hê/selfonderhoudend te wees/gevoel van identiteit
  - ➢ Bemagtig swart mense om die gees van selfbejammering; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en dominansie deur eksterne magte te verwerp
- Vestig geloof in by politieke organisasies om die apartheidstaat uit te daag
  - ➢ Swart studente het self begin om wit oorheersing teen te staan deur van NUSAS weg te breek en SASO (1968) te vorm
  - ➢ Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (Rol van Biko/SASO)
  - ➢ SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole
  - ➢ Swart Bewussyn (SB) het tot die stigting van die Swartmense se Konvensie (Black People's Convention (BPC)) in 1972 gelei wat studente, kerke, gemeenskappe en vakunies betrek het
  - ➢ Unies wat hulle met die SB-filosofie vereenselwig het, was die Black Parents Association en die Black Allied Workers Union (BAWU)
  - ➢ Die South African Students Movement wat in 1972 gestig is, het swart mense aan die ideale van die SB blootgestel
  - ➢ BPC en SASO het FRELIMO-saamtrekke (1974) gereël
  - ➢ Die arrestasie van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog
- Het selfgeloof by studente gevestig dat hulle die apartheidstaat kon uitdaag
  - ➢ Swart Onderwys het in 1975 Afrikaans as onderrigmedium by skole ingestel
  - ➢ SASO en SASB het die stigting van die Soweto Studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) ('Soweto Students Representative Council (SSRC);) beïnvloed

  - ➢ Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans verwerp as die taal van die onderdrukker
  - ➢ Sommige onderwysers en studente was reeds blootgestel aan die idees van Biko en die SB-filosofie deur middel van SASO-studente-onderwysers van universiteite af
  - ➢ Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) was die sneller vir die Soweto-opstande
  - ➢ Op 16 Junie 1976 het studente vreedsaam teen die implementering van die omsendbrief betoog
  - ➢ Polisiereaksie op die studenteoptoge (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun, was een van die eerste ongevalle van hierdie opstand)
  - ➢ Aktiviste het in ballingskap gegaan
- Het selfgeloof by swart mense gevestig om gemeenskapsprogramme te begin en om selfonderhoudend te wees
  - ➢ Biko se verbanning na King Williams Town het die fokus van gemeenskapsprogramme afgelei
  - ➢ SB het onafhanklikheid van wit mense bevorder deur Swart Gemeenskapsprogramme om swart mense te ondersteun sonder wit hulp (Zanempilo Health Clinic/Ginsburg Educational Trust/Zimele Trust Fund/Solempilo Community Health Centre/Ithuseng Community Health Programme en Winter School Projects)
- Werkers beïnvloed om apartheidstaat uit te daag
  - ➢ Werkers gemobiliseer om vakunies te stig
  - ➢ SB het gelei na die stigting van die Black Allied Workers Union (BAWU) – werkerstakings in 1973 in Durban)
- Beïnvloed swart mense om hulle eie media te hê om die apartheidstaat uit te daag
  - ➢ Die media was simpatiek teenoor die SB-filosofie, bv. *The World* newspaper
  - ➢ Nalatenskap van Biko en SwartbewustheidBeweging
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate kompromieë deur verskillende rolspelers (politieke partye) 'n hoofkenmerk gebly het wat in 1994 die weg vir 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika gebaan het. Hulle moet hulle argument met relevante historiese bewyse motiveer/ondersteun/staaf.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet verduidelik tot watter mate kompromieë deur verskillende rolspelers (politieke partye) 'n hoofkenmerk gebly het wat in 1994 die weg vir 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika gebaan het. Hulle moet ook aandui hoe hulle hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDING
- FW de Klerk het in 1989 vir PW Botha vervang
- Vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 en ander verbanne politieke leiers in 1990 (kompromieë deur De Klerk)
- Ontbanning van/Opheffing van die verbod op ANC, die PAC en die SACP en ander verbanne organisasies
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 – NP laat politieke gevangenes vry en beide partye verbind hulle tot die beëindiging van geweld en onderhandelinge (kompromieë deur verskillende rolspelers)
- Geweld in die Vaaldriehoek-Sebokeng (rol van verskeie politieke organisasies)
- Pretoria-minuut in August 1990 – ANC staak gewapende stryd en NP staak noodtoestand (kompromieë deur verskillende rolspelers)
- Die Nasionale Vredesooreenkoms is deur 27 politieke organisasies onderteken – het 'n veiligheidsnet geskep vir onderhandelinge (kompromieë deur verskillende rolspelers)-Goldstone kommissie
- KODESA 1 (20 Desember 1991) – 19 politieke partye, behalwe Konserwatiewe Party (KP) en Pan Africanist Congress (kompromieë deur verskillende rolspelers) Partye kon nie ooreenkom oor magsdeling en grondwetgewende vergadering nie – vergadering is beëindig
- Die Verklaring van Voorneme – partye het ooreengekom om 'n nuwe Konstitusie saam te stel en ook 'n tussentydse regering daar te stel (kompromieë deur verskillende rolspelers)
- Referendum slegs vir wit mense – De Klerk het wit mening getoets nadat drie tussenverkiesings aan die KP verloor is, uitslag wegholoorwinning vir Ja (aanduiding dat De Klerk se kompromie ondersteun is) – onderhandelinge het voortgegaan
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – het nie lank voortgegaan nie as gevolg van geweld en onvermoë van partye om oor magsdeling ooreen te kom
- Boipatong-slagting en invloed van Derde Mag (17 Junie 1992) (geweld)

- Bisho-slagting (September 1992) (geweld) – ANC-ondersteuners wat deel van die onderhandelingsproses wou wees (kompromieë deur verskillende rolspelers)
- ANC het beroep gedoen vir uitgebreide massastakings teen die Nasionale Party (druk op die NP om 'n vergelyk te tref)
- Rekord van Verstandhouding (September 1992) – Meyer en Ramaphosa het hulleself aan vrede en aan die onderhandelinge toegewy (verbind tot) (kompromieë deur verskillende rolspelers)
- Meyer en Ramaphosa het tot Joe Slovo se oorgangsklousule ('Sunset Clause') ingestem (kompromieë deur verskillende rolspelers)
- Partye wat meer as 5% van die stemme verwerf, sal 'n regering van nasionale eenheid stig om die nuwe SA te regeer en wit mense sal hulle werk vir 5 jaar behou (gedwonge eenheid deur kompromie)
- Veelpartyonderhandelinge het by die Wêreldhandelsentrum hervat maar dit het nie lank voortgegaan nie (kompromieë deur verskillende rolspelers)
- Die AWB het die onderhandelinge op 25 Junie 1993 onderbreek toe hulle die Wêreldhandelsentrum met 'n pantservoertuig bestorm het
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) – Janus Walus
- Mandela spreek die nasie toe op TV – kalmeer die nasie
- St James-slagting (25 Julie 1993)
- Heidelberg-taverne-skietvoorval (30 Desember 1993)
- Shell House-slagting (28 Maart 1994)
- Datum vir eerste demokratiese verkiesing vasgestel (27–29 April 1994) (kompromieë)
- Voortgaande geweld regdeur verkiesing – motorbom buite ANC-hoofkantoor
  - Motorbom ontplof by Jan Smuts-lughawe
- Verkiesing gehou as gevolg van kompromie (kompromieë deur verskillende rolspelers)
- Uitslag van verkiesing: ANC 62,7%, NP 20,4% en IFP 10,5%
- ANC, NP en IFP vorm die Regering van Nasionale Eenheid soos in die Oorgangsklousule ooreengekom
- Mandela word die eerste swart staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid Afrika met Thabo Mbeki en FW de Klerk as sy adjunkte
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet krities bespreek hoe beleidsveranderinge (perestroika en glasnost) deur Mikhail Gorbachev vanaf 1985 tot disintegrasie in 1991 in die Sowjetunie gelei het., maar het 'n positiewe resultate op Suid-Afrikaanse politiek gehad. Hulle moet hulle argument met relevante historiese bewyse motiveer/ ondersteun/staaf.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:
- Inleiding: moet krities bespreek hoe beleidsveranderinge (perestroika en glasnost) deur Mikhail Gorbachev vanaf 1985 tot disintegrasie in 1991 in die Sowjetunie gelei het, maar het 'n positiewe resultate op Suid-Afrikaanse politiek gehad. Hulle moet ook aandui hoe hulle argument gaan ondersteun/motiveer.

UITBREIDING
- Gorbachev het op 54-jarige ouderdom die Sekretaris-Generaal van die CPSU en leier van die regering geword. Hy was nie onversetlik nie en het gehoop om die Sowjetunie se ekonomie op te kikker deur beide nywerheidsproduksie en -tegnologie te verbeter, en ook om hulle markte uit te berei.
- Hy het 'n groot risiko geneem om politieke verandering teweeg te bring, veral vir die Sowjetunie, wat vir hulle onversetlike kommunistiese standpunt bekend was.
- Hy wou die Sowjetunie se swak ekonomiese stelsel verbeter – as gevolg van die ruimte- en wapenwedloop met die VSA.
- In 1985 het hy perestroika (ekonomiese heropbou) en glasnost (openlikheid) bekend gestel
- Perestroika het kleinskaalse privaat eienaarskap en regeringsbeheer oor produksie toegelaat
- Perestroika en glasnost het gelei tot eise dat kommunisme beëindig word en volle demokrasie
- Glasnost het gelei tot kritiek van die beleid van perestroika en Gorbachev self
- Baie onversetlike kommuniste was ontevrede met beleide wat ongewild geword het
- Tuis was daar twee tipes opponente: onversetlikes wat teen hervormings was en liberale wat hom gekritiseer het en gesê het dat hy nie vinnig genoeg beweeg nie
- Die twee beleide het mekaar nie in denkrigtings ondersteun nie, maar het die hele stelsel van die Sowjetunie beëindig
- Hy het tuis ondersteuning verloor – Eenheid van die Sowjetunie was in gevaar en sosialisme is bedreig
- Hy het heldestatus in die Weste gehad. Sy persoonlike mag en prestige het gestyg. Hy het in 1990 'n Nobelprys vir Vrede ontvang.
- Daar was nog altyd baie onderliggende verskille tussen die 15 republieke.
- Burgerlike verset het onder verskillende groepe uitgebreek.
- Ou vorm van nasionalisme het te voorskyn gekom en gelei tot nuwe eise vir onafhanklikheid
- Hy het probeer om die disintegrasie te keer deur die stigting van 'n Federasie van State voor te stel – wat misluk het

- In 1990 het verskeie Sowjetstate, onder andere Rusland met Gorbachev se bitter teenstander, Boris Yeltsin, hulle onafhanklikheid verklaar
- Op 25 Des. 1991 is USSR ontbind en so ook die Kommunisteparty
- Elk van die 15 republieke het onafhanklik geword en lede van die 'Commonwealth of Independent States' (Statebond van Onafhanklike State) geword
- Die disintegrasie het die einde van die Koue Oorlog gesimboliseer

Positiewe resultate van Gorbachev se hervormings op Suid-Afrikaanse politiek

- Gesprekke tussen die NP en ANC in ballingskap
- Die val van die Sowjet Unie het druk op beide die Nasionale Party regering en die ANC geplaas om onderhandeling te begin
- Die nederlaag van die SAW tydens die Slag van Cuito Caunavale in 1988 het die Nasionale Party aangemoedig om met kommuniste te onderhandel oor die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika
- FW de Klerk het hervormingswette aangekondig wat tot onderhandelinge tussen die Nasionale Party en die ANC gelei het
- Suid-Afrika het uit Suidwes-Afrika onttrek – SWAPO het die verkiesing gewen (1990) en dit Namibië genoem
- Die vreedsame oorgang vanaf blanke minderheidsregering tot Swart meerderheidsregering in Namibië het as ‘n bloudruk vir SA gedien om dieselfde te doen
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie blanke oppergesag-regering onbepaald kan handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die ontwikkeling van ‘blanke ekonomiese’- belange nie
- Die regering het begin glo dat hervormings nodig was vir die ontwikkeling van ‘n sterk swart middelklas as ‘n ‘bolwerk teen rewolusie'
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse ondersteuning te kry nie
- Suid-Afrika kon nie meer op Westerse steun staatmaak vir sy ‘antikommunisties standpunt nie
- Wêreldpolitiek het verander en die het ‘n invloed op Suid-Afrika se apartheid sbeleid
- Die apartheid regime kon nie meer kommunisme gebruik om sy rasse segregasie beleid te regverdig nie
- Die Nasionale Party se aandrang dat dit Suid-Afrika van ‘n kommunistiese aanslag beskerm het, het onrealisties geword
- De Klerk het gedink dat die ANC swak was en sy gewilligheid gewys om met hulle te onderhandel
- Die USSR kan nie meer die ANC finansieel ondersteun nie want dit was bankrot
- Die USSR wou nie meer die ANC met wapens ondersteun nie omdat dit ten gunste was van vreedsame onderhandeling
- Die ANC was nie meer in staat om die gewapende stryd teen die NP voort te sit sonder hierdie militêre en finansiële ondersteuning nie
- Die ANC het ook nou ‘n bereidwilligheid getoon om met die NP te onderhandel as ‘n alternatief vir die gewapende stryd
- FW De Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid was nie ‘n sameswering wat uit Moskou bestuur was nie

- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel om ‘n blywende oplossing vir Suid-Afrika te kry
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ontbanning van alle anti - apartheid organisasies aangekondig en dit het die weg gebaan vir veelparty onderhandeling
- Hierdie onderhandeling het uiteindelik aanleiding gegee tot demokratiese verkiesings wat gedurende 1994 gehou was
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom.

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou